# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2026

*God se droom vir sy kerk: Behoort én Beweeg.*

**2026.23**

| | |
|---|---|
| | Markus 10:35-45; Johannes 13:1-17; Lukas 6:32-36; Filippense 2:3-8 |
| | **Roeping en Diens: Dien soos Jesus**<br>Die doel van diensbaarheid aan die Here is die opbou en uitbou van die koninkryk van God in hierdie wêreld. Die kerk, die liggaam van Christus, is die diens-gemeenskap van die Here in hierdie wêreld. Dit is ons gestuurde roeping in hierdie wêreld; om die Here te gaan dien deur die gemeenskap en die wêreld te dien. So laat God sy koninkryk deur ons grondvat in hierdie wêreld.<br>Dit is ‘n baie groot ommekeer in ons denke. ‘n Paradigma skuif! Nou gaan dit nie meer oor óns wat gedien en bedien moet word nie, maar om self eerste te gaan dien! Jesus het nie ereplekke aan gelowiges gegee nie, maar roep hulle op om te dien! Daarom word diensbaarheid deur liefde die uitstaande kenmerk van die kerk van die Here en alle gelowiges! Ons is nou deel van die Here se aktiewe diens-gemeenskap. Selfs wanneer jy aan ‘n bed vasgekluister is, kan jy dien deur jou gebede en jou getuienis. Jou hele lewe is omvattende diens aan die Here as ‘n lewenswyse. Jou tyd, krag, gawes en geleenthede behoort aan die Here. Hy gee dit vir jou. As diens-gemeenskap van die Here dien ons Hom,<br>dien ons saam, en dien ons mekaar. Diensbaarheid is omvattende diens wat op God gerig is:<br>“Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie....Christus is die Here in wie se diens julle staan.” – Kol. 3:23-24. Alle diens is in die eerste plek diens aan God.<br>Alle dienswerk is ook van begin tot einde God se werk! Hierdie waarheid bevry ons van selfverheffing, en die soek na eie eer en erkenning. Dit bevry ons ook van teleurstelling wanneer ons nie resultate sien nie. God se werk is steeds die waarborg dat ons dienswerk<br>sin en betekenis het. Die versoening in Jesus Christus en die offer van Jesus aan die kruis, is God se dienswerk by uitnemendheid tot ons heil en redding! Daarom word dit die diepste grond vir ons eie offervaardigheid en diensbaarheid...uit dankbaarheid!<br>H. R. Weber het gesê: “Die hele lewe van die gemeente, hulle eredienste en hulle gestuur wees in hierdie wêreld, moet steeds gesien word in die lig van hulle offerdiens.” Ons sit nou Jesus se werk op aarde voort in die drie ampte wat in Hom gesetel is: In die profete amp praat ons wat ons van die Here hoor. In die priester amp dien ons uit liefde en namens God.<br>In die koning amp heers ons as oorwinnaars in die Naam en krag van Christus oor die sonde en die Bose. Soos die Vader Jesus gestuur het, stuur Jesus ons, om te dien. Daarom dien ons soos Jesus dien.<br>Jesus is die grond vir ons diensbaarheid, Hy gee die opdrag tot ons diensbaarheid, en Hy is ook die voorbeeld vir al ons diensbaarheid! Kom nou! Staan op as deel van die Here se<br>gemeente, en dien soos Jesus dien! |

- https://kaapkerk.co.za/5-voorbeelde-van-diensbaarheid-in-die-bybel/
- https://nie.co.za/2021/01/15/geestelike-dissiplinesreeks-om-ander-te-dien/

Dink bietjie:

- Ek vind dit maklik om ander te dien wanneer...
- Ek vind dit moeilik om ander te dien wanneer...
- Een persoon wat God dalk op my hart plaas, is...

*Vir die groepgesprek:*

1. Wanneer jy die woord 'diens' hoor, wat is die eerste ding waaraan jy dink?

2. As jy vir een dag die belangrikste persoon in 'n groep kon wees, wat sou jy wou hê ander mense vir jou moet doen?

3. Wat sou gebeur as almal in die groep probeer om die belangrikste persoon te wees?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. Lees Markus 10:35-45: Wat het Jakobus en Johannes eintlik begeer? Waarom dink jy wil mense graag belangrik wees? Hoe verskil Jesus se idee van grootheid van die wêreld s'n?

2. Ons lees hoe Jesus die dissipels se voete was in Johannes 13:1-17. Wat maak hierdie optrede van Jesus so verrassend? Waarom dink jy was Petrus ongemaklik daarmee? Wat leer Jesus ons oor nederigheid?

3. Lees Lukas 6:32-36: Waarom is dit makliker om mense te help wat ons kan terugbetaal? Hoe lyk diens wanneer niemand dit raaksien nie?

4. Jesus het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem: Filippense 2:3-8. Wat leer hierdie gedeelte ons oor Jesus se gesindheid? Wat beteken dit om ander se belange ook in ag te neem? Hoe kan ons nederigheid uitleef sonder om onsself minderwaardig te maak?

**Praktiese Uitdaging**

Dink oor hierdie vrae:

- Waar dien ek tans?
- Waar vermy ek diens omdat dit onder my voel?
- Wie in my lewe het ek miskien begin miskyk?
- Waar soek ek erkenning?
- Waar vra ek eerder: "Wat kry ek?" as "Hoe kan ek help?"
- As mense na my manier van leef kyk, sien hulle iets van Jesus?